Landbouvoorsieners Sedert 1922
Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.villiersdorpko-op.co.za

NUUSBRIEF -JULIE 2016

Met die skoolvakansie verby bring ons graag hierdie nuusbrief uit om ons lede op hoogte te bring van verwikkelinge by die koöperasie.

Die veranderinge wat aangebring moet word om die handelstakke te vergroot het weggespring. Die eerste fase om Villiersdorp tak te vergroot se bouwerk het in alle erns begin en plaas ons graag 'n paar fotos om die vordering te illustreer.

Foto: Messelwerk en afronding aan die Suidelike kant van die ou stokery op Villiersdorp wat omskep word in 'n goedere ontvangs area.

Foto: Kontrakteur se werkers besig met Messelwerk aan Noordelike aansig van ou stokery op Villiersdorp.

Hierdie veranderinge word aangebring terwyl die ou stokery struktuur (buite mure) behou word. Dit bring aansienlike besparings teweeg want nuwe fondasies en opbou van mure word uitgeskakel.

Die verkeersvloei na die goedere ontvangsarea sal aanvanklik ’n bietjie aanpassing van die lede vereis. Afleweringsvoertuie ry voor die tak verby na die aflaai area en word die gedeelte reg voor die tak vir daardie doel met rooi lyne gemerk as ’n ”geen parkeer” gedeelte. Ons versoek asb alle lede om die versoek te eerbiedig en nie daar te parkeer nie al is u voorgenome besoek ook hoe kort aan die winkel. Dit sal die effektiwiteit van aflewerings baie bespoedig en verhoed dat groot vragmotors voor die tak wag.

Sodra die ”ou stokery” toegebou is, sal daar deugebreek word na die binnekant van die winkel. Die huidige goedere ontvangs verskuif dan in die stokery gebou in en sal hierdie gedeelte ook aangewend word om buffer voorraad te berg. Dit sal verseker dat die winkelvloer netjies uitgestal kan word om sodoende die kliënte se aankope ervaring aangenamer te maak.

Die tweede fase om Greyton tak te vergroot is reeds geruime tyd in proses en hier volg ’n paar fotos van die reeds voltooide gedeeltes.

Foto: Die vorige "yard" area voor die Greyton tak is geplavei en dien nou as parkering vir kliënte. Die "yard" is verskuif na die stukkie dorpsmeent aan die agterkant wat ons by die Theewaterskloof Munisipaliteit huur (met opsie om te koop) en wat nou deel gemaak is van ons perseel.

Foto: Die sy ingang langs die tak gebou is geplavei en verleen toegang tot die "yard" area. 'n Hek is aan die agterkanste omheining aangebring om verkeersvloei te vergemaklik sodat vragmotors nie hoef om te draai in die "yard" nie.

Foto: Die nuwe "yard" area by Greyton. Die tak se heining was voorheen slegs tot by die gashok gedeelte wat sigbaar is op die foto. Die addisionele "yard" is die stukkie dorpsmeent wat ons nou huur by Theewaterskloof Munisipaliteit met die opsie om te koop.

Die tak is ook met vibacrete omhein met lemmetjiesdraad aan die bokant vir veiligheid.

Die oprigting van 'n stoor op die gedeelte waar die gashok sigbaar is word beplan.

Foto: Die dorpsmeent wat ons nou gebruik as "yard" huisves alreeds boerdery benodighede soos pale, tenke en lintels.

Die planne vir die beplande stoor by die Vyeboom tak waarin Intelligro (Terason) gehuisves sal word, is reeds goedgekeur maar kyk ons nog na opsies om die stoor so koste effektief as moontlik op te rig.

Die verskuiwing van die vulstasie het momentum gekry met 'n "Memorandum of Agreement" (MOA) wat geteken is met MOOV Fuel ingevolge waarvan die oprigting van 'n Caltex vulstasie ondersoek word op die voorste hoek van die Villiersdorp perseel, asook die omskakeling van die Vyeboom vulstasie na 'n Caltex vulstasie.
'n Inligting sessie met lede word deur MOOV Fuel beplan vir 27 Julie 2016 by Kelkiewyn waar meer inligting aangaande beplanning met brandstof voorsiening aan die lede deurgegee sal word.

KOÖPERASIE GROETE AAN ALMAL
Ben Klindt
18 Julie 2016